Lees
Genesis 27-1-40

ISAK SEEN VIR JAKOB

Maats, lees die skrifgedeelte en voltooi dan die ontbrekende woorde in die versreëls hieronder.

[27] Hy het nader gekom en hom _ _ _ _ _ _, en toe hy die _ _ _ _ kry van die _ _ _ _ _ wat Jakob aanhet, het Isak hom _ _ _ _ _ _ en gesê:

"Kyk, die reuk van my seun is soos die _ _ _ _ se reuk,
die veld wat deur die _ _ _ _ geseën is.
[28] God gee aan jou _ _ _ uit die _ _ _ _ _,
die rykdom van die aarde: _ _ _ _ _ _ en _ _ _ in oorvloed.
[29] Volke sal jou _ _ _ _, nasies sal voor jou _ _ _ _;
oor jou familie sal jy heers, jou _ _ _ _ _ _ sal voor jou buig.
Wie 'n vervloeking oor jou uitspreek, sal _ _ _ _ vervloek
wees, wie jou _ _ _ _, sal geseën wees."

Suiderkruis
'n Gemeente vir Oud en Jonk

Lewe & Liefhê
In God se
Wêreld.

ONDER ONS 2022
Redaksie: Elize van Niekerk & Hester de Beer

Posbus 5253, Kockspark, 2523
Tel & Faks 018 2947939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: suiderkruis

22 MEI 2022

DAGBOEK
VANDAG
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens – Ds Terence Cooke
Teks: *Johannes 10:1-21*
Tema: *Ek is die Goeie Herder*
09:00 Kinderkerke
09:00 Reguitstraat 13+
10:00 Koffie en tee in die foyer
18:00 Belysel
18:00 Foyerdiens

DINSDAG 24 MEI
18:00 Kerkraadsvergadering

DONDERDAG 26 MEI
18:00 Hemelvaart
Teks: *Handelinge 1:1-8*
Tema: *Die Hemelvaart*

SONDAG 29 Mei
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens – Ds Terence Cooke
Teks: *Handelinge 1 en 28*
Tema: *Word deel van God se oesfees*
09:00 Kinderkerke
09:00 Reguitstraat 13+
10:00 Koffie en tee in die foyer
18:00 Belysel
18:00 Pinksterdiens
Teks: *Galasiërs 2:15-21*
Tema: *Vrygespreek*

GEBEDSLYS
Bid asb vir:
- Wanda Steyn
- Pieter Ras

BYSTAND VIR DIE GEMEENTE
Ds Terence Cooke is tans op bystand vir die gemeente. Vir enige dringende gevalle, kontak asb: Die Kerkkantoor 018 2947939 / 0832976748, of Ds Terence 0827759570.

BEROEPING NUWE LERAAR
Dit is vir ons aangenaam om bekend te maak dat Ds Tiaan Mostert deur die Kerkraad beroep is as nuwe leraar van Suiderkruis Gemeente. Ons dank ons Skepper Heer dat Hy ons deur die hele beroepingsproses lig en leiding gegee het. Ons sê ook dankie aan almal wie se gebede ons deur die proses gedra het.

TEMAS VIR DIE RES VAN PINKSTER

Maandag 30 Mei

Teks: Galasiërs 3:1-14.
Tema: *Hoekom is julle so dom?*

Dinsdag 31 Mei

Teks: Galasiërs 5:1-6.
Tema. *Staan vas in die vryheid.*

Woensdag 1 Junie

Teks: Galasiërs 5:16-26.
Tema: *Wie beheer ons?*

Sondag 5 Junie

Teks: Galasiërs 1:6-11.
Tema: *Daar is geen ander evangelie nie.*

SOP VIR PINKSTER

Ons het 'n hele paar potte sop en broodjies nodig vir die Pinkster (Maandag 30 Mei tot Woensdag 1 Junie). As jy dalk kans sien om ons te help, skryf asb jou naam op die lys in die foyer of kontak Elize by die kerkkantoor (0182947939 / 0832976748).

PANNEKOEKVERKOPE

Ons bak weer van 3 – 4 Junie pannekoek by Pick 'n Pay. Ons benodig GROOT asb weer helpers met die aanmaak van die deeg op Donderdag 2 Junie en genoeg helpers op Vrydag en Saterdag. Indien jy kan help, kontak asb vir Maryna (082 807 9954) en gee jou naam deur.

FONDSINSAMELINGSPROJEKTE: 2022

- Pannekoek by Pick&Pay, 3/4 Junie, 23/24 Julie, 9/10 Sept, 7/8 Okt (Maryna Marais)
- Vleisprojekte: 20-22 Junie & 24-26 Oktober
- Hengelkompetisie: 20 Aug (Roelf v Aswegen)
- Spaanse aand: 23 Sept (Johanna Handford)
- Snoekbraai en kersliedere: (Thys Franken & Elsabe van Aswegen)

VERJAARSDAGHOEKIE

Vandag: Geen verjaarsdae
23 Mei: Henry Cloete, Johann Fourie, Arno van Zyl
24 Mei: Oosie Oosthuizen, Riaan van Breda
25 Mei: Pieter Nel
26 Mei: Wally van Niekerk
27 Mei: Elna de Bruyn, Esmarie Visser
28 Mei: Anna-Marie Botha, Madeleine Oosthuizen, Johanna Venter

NB: Indien u naam nie op die weeklikse verjaarsdaglys verskyn nie, kontak asb die kerkkantoor sodat ek kan vasstel waar die probleem is. ***- Elize***

YOCO KAARTMASJIEN

Ons gemeente het nou 'n YOCO-kaartmasjien wat ook beskikbaar is vir enige inbetalings!! Baie dankie aan die persone wat die masjien vir ons geskenk het. Dankie Christelle van Wyk wat my met soveel geduld en liefde gehelp het om die masjien net aan die gang te kry! Tussen ek en Elsabé (musiekleier) sal die kaartmasjien elke Sondag beskikbaar wees vir inbetalings. Maak gerus gebruik van hierdie hulpmiddel. ***- Elize***

NOG EENS, HEILIGE CHAOS!

Lees 1 Korintiërs 14:33

Terwyl te veel kerklike aktiwiteite doodveilig en voorspelbaar is, is die regte lewe daarbuite meestal onveilig en onvoorspelbaar. Die lewe is soms chaoties, seer en swaar. Mense se lewens val daarom nie ordelik uitmekaar nie. Dinge loop nie beskaafd buite beheer nie. Sommiges hou maar net 'n vroom front voor, maar chaos kenmerk hierdie woeste lewe waarbinne ons leef. Storms woed. Donker wolke rol in. Chaos volg op die hakke van armoede, siekte, misdaad, wanvoeding, gebroke families en wat nog alles. Maar dis juis hier waar Jesus tuis is, maar vele kerkmense nie! Trouens, vele kerklikes se missie in die lewe is juis om sulke chaotiese situasies te vermy. 'n Gereelde kerkganger sê nou-die-dag sy vermy haar aangetroude familie, want hulle is nie kerkmense nie. Moes dit nie andersom gewees het nie? Moes hulle nie juis saam met Jesus en die Gees te midde van die chaos geloop en geleef het om daardie mense te dien en hulle in Sy Naam terug te wen nie?

Dis nie ons werk om alles ordelik en voorspelbaar te maak nie. Ons moet chaos gedurig in heilige chaos omskep deur Christus te verteenwoordig te midde van die stukkendheid rondom ons. Ons moet God se hande, stemme en voete in die regte, deurmekaar lewe wees. Ons moet nuwe lewe verteenwoordig midde in die chaos. Helaas skitter ons te veel male in ons afwesigheid in die chaos, omdat ons godsdienstige ordelikheid gekies het.

Gebed: Here, stuur my in die chaos van die wêreld in, maar gaan asseblief self ook saam. Amen.

-Stephan Joubert [eKerk]

AS DIT DONKER IS OM MY
In krisissituasies

Dawid was in die nood, want die manne het daaraan gedink om hom met klippe dood te gooi. Toe het Dawid hulp gevra by die Here sy God.

-1 Samuel 30:6

Daar ontstaan 'n krisis-situasie wanneer Dawid en sy manskappe by Siklag aankom en sien dat die Amalekiete die stad totaal verwoes het in 'n strooptog. Al die vroue en kinders was weggevoer en die stad afgebrand. Dawid se manskappe het alles verloor. Nou is hulle vir Dawid kwaad en wil hom stenig. Eintlik tree hulle heeltemal onlogies op. Dit was immers nie Dawid se skuld nie. Hy het sy eie twee vroue ook in die strooptog verloor.

Anders as sy manskappe hou Dawid kop en gaan soek hulp by God: "Maar Dawid het homself versterk in die Here sy God," lui die 1953 vertaling. En God help dadelik: Dawid en sy manskappe slaag daarin om die vyand te verslaan en hul vroue en besittings terug te kry.

As ernstige krisisse in jou lewe jou by tye wil laat kop verloor onthou wat Dawid gedoen het, en raak kalm en fokus op God. Vra hul en raad by Hom. Alhoewel jy baie maal nie jou krisisse self kan hanteer nie, is die Heilige Gees beskikbaar om daarmee te help.

God se doel met swaarkry is altyd om jou nader aan Hom te bring; bely dus die dinge wat nog tussen jou en God staan. Kyk laastens na jou eie situasie deur God se oë. Hy is volkome in staat om jou te help en by te staan soos vir Dawid.

Hemelse Vader, vergewe my dat ek so baie maal kop verloor in my krisisse. Help my om van nou af op U te fokus en onmiddellik by U hulp te vra. Amen. ***-Nina Smit***

DEURLOPENDE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

- R2-projek: Neem 'n pilbotteltjie in die portaal, vul dit met R2-stukke en gooi in die kollektesakkie.
- Koperkruik-projek: Gooi al die "oorbodige" koper in die kruik wat in die voorportaal staan.
- 2e-Handse snuffelwinkel: Indien u enigiets het wat tuis in die pad is, skenk dit asb vir ons gemeente se winkeltjie. Kom kyk gerus ook wat al alles in die winkel is. Jacoba Ras is in beheer van die winkel[0729005005]
- Mandjieprojek ***– Elize***

METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Elektroniese betaling:
EFT of Zapper
Bankbesonderhede:
NG Kerk Potch-Suid
Absa, Tjekrekeningnr 680580049
Takkode 632005

U is welkom om enige van die metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.

✂....✂....✂....✂....✂....✂....✂....✂....✂

Ek wil my debiet-order verhoog, kontak my asb.	**Naam: .....** **Selno: .....**